


**Sleutelwoorde**

**toonkleur:** 'n klank met 'n spesifieke toonhoogte, -kwaliteit en duur

**toonhoogte:** hoe hoog of laag die klank is

**dinamiek:** wisselende volumevlakke van klank in musiek



Die mbira

## Eenheid 3 Bewegingsroefines

Afrika-musikante gebruik 'n verskeidenheid instrumente. Elke instrument produseer 'n klank met 'n spesifieke **toonkleur**, **toonhoogte** en **dinamiek**. Jy het geleer dat die trom 'n slaginstrument is wat jy slaan. Daar is baie ander soorte slaginstrumente soos die marimba, *mbira*, ratels en tamboeryne.

Die *mbira* is 'n Afrika-slaginstrument. Dit bestaan uit 'n paar metaalstafies wat aan 'n stuk hout vasgeheg is. Die musikant pluk die stafies met sy of haar vingers.

Blaasinstrumente is instrumente wat lug gebruik om klank te produseer. Voorbeelde sluit die fluit, trompet en horing in. Afrika-musikante maak 'n trompet van koedoehoring en blaas dit op die punt of aan die kant. Dit maak 'n harde, monotone klank. Die vuvuzela is deur die tradisionele koedoehoring geïnspireer. Dit word van plastiek gemaak, en het ook 'n monotone klank.

### Aktiwiteit 3.1 Skryf 'n klankstorie deur instrumente met verskillende toonkleure, toonhoogtes en -dinamiek te gebruik

30 minute

Jou onderwyser sal jou begelei in 'n opwarmingsaktiwiteit voordat jy begin en in 'n afkoelaktiwiteit aan die einde van die les.

In hierdie aktiwiteit gaan jy met die elemente van musiek werk om 'n storie te vertel.

1. Luister aandagtig na die musiek wat jou onderwyser speel. Noem die instrumente wat gebruik word.
2.
  - a) Is die toonhoogte laag of hoog?
  - b) Is die musiek hard of sag?
  - c) Is die ritme lewendig of stadig?
  - d) Hoe laat die musiek jou voel?
3. Jou onderwyser sal die klas in vier groepe verdeel en aan elke groep 'n prent wys.
4. Gebruik die instrumente wat jy gebring het en beeld die prent musikaal uit deur ritme, tempo, toonhoogte en dinamiese vlakke te skep wat by die prent pas.
5. Verduidelik waarom jou groep die spesifieke instrumente, ritmes, tempo, toonkleur, toonhoogte en dinamiese vlakke gekies het om die prent te verbeeld.
6. Verduidelik elke element in een sin in jou werkboek.



'n Koedoehoring

**Notas**

Onthou dat elke instrument 'n ander klank produseer.